Vroue by die Paasgebeure

Aktiewe susters

In die opstandingsverhale van die evangeliste ontmoet ons vroue. Hulle het Jesus van Galilea af gevolg.

Nou is hulle Meester dood. Hy het gesterf aan 'n kruis. Jesus kan niks meer vir hulle doen nie. Maar uit liefde en eerbied wil hulle nog iets vir Jesus doen. En so gaan die ywerige susters op daardie belangrikste dag in die wêreldgeskiedenis, die opstandingsdag, na 'n begraafplaas. Jesus is daar begrawe. Hulle wil, ná die haastige begrafnis eergister, nou sy liggaam met speserye en mirre salf om die doodsreuk te verdryf.

Die mans bly by die huis. Hulle is ontredderd en hulle treur. Maar vroue is soos altyd besig. Hulle is op pad na Jesus se graf. Deur hulle optrede wys hulle weer, soos vroeër toe Jesus nog geleef het, by Wie hulle hoort.

Wie is hulle?

Markus noem drie van hulle: Maria Magdalena (ook Maria van Magdala genoem), 'n ander Maria (die ma van Jakobus en Salomé), en die ma van die seuns van Sebedeus.

Daar was volgens Lukas ook nog ander vroue saam met hulle. By Jesus se begrafnis was ook 'n aantal vroue aanwesig. Hulle het saam met Jesus van Galilea gekom (Lukas 23:55). Jesus was mos omring deur twee groepe: sy dissipels en vroue (Lukas 8:2-3).

Onder die vroue wat Jesus gedien het, was ook Johanna, die eggenote van die Gusa, 'n hoë amptenaar van Herodes en Susanna (Lukas 8:3). Hulle is waarskynlik daardie Sondagmôre ook by die graf aanwesig.

Die opstandingsboodskap

Die inhoud van die Paasboodskap wat by die graf deur die vroue gehoor word, is: Jesus wat gekruisig was, lewe. Die engel plaas die kruis midde-in sy opstandingsboodskap. Dit was noodsaaklik, want die vroue kon die kruis nie verstaan nie. Kruisiging beteken mos vloek, oordeel. Nou lewe die Gekruisigde egter. Dit beteken dat die vloek gedra is en die oordeel opgehef is.

Die boodskap van die engel bring die vroue in beweging. Nou is dit nie meer na die graf nie, maar omgekeerd – weg van die graf. Dan ontmoet hulle op die terugpad Jesus en hulle kom tot aanbidding (Matteus 28:9). Aanbidding is een van die skoonste uitings van 'n ware geloof. Terwyl mans nog ongelowig is en twyfel, aanbid vroue Jesus. Ook geestelik is hulle die mans ver vooruit.

Opdrag en oordrag

Daar kom heelwat emosies los by die begraafplaas. Die vrouens is bevrees, hulle is bang en bly (Matteus), hulle het gebewe van skrik en weggehardloop (Markus), maar by al daardie emosies is daar ook hulle geloof. Geloof en emosie gaan dikwels saam in die geestelike lewe.

Die vroue het die plek van dood en lewe nie verlaat sonder 'n opdrag nie. Die engel het vir hulle gesê:

> *"Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea'"* (Matteus 24:7).

Eers was hulle te bang om te praat, so vertel Markus (16:8).

Maar die boodskap het op die ou end tog by die dissipels en die ander uitgekom (Lukas 24:9). Eers hoor die dissipels dit uit die monde van Maria van Magdala, Johanna, en Maria die moeder van Jakobus, en daarna nog 'n tweede keer van die ander vroue (Lukas 24:10).

Maar die leerlinge van Jesus het die boodskap nie geglo nie. En Lukas noem hulle wel nog apostels (Lukas 24:11). Hulle is mense met 'n opdrag, maar hulle glo nie wat hulle verder moet vertel nie.

Die rol van die vrou

Die vroue vervul in die Paasgebeure 'n belangrike rol. Daar is in die opsomming van die opstandingsgeskiedenis 'n ketting waarvan die vrouens 'n belangrike skakel vorm. Die opstandingsboodskap loop van die engel af uit die hemel na die vroue by die graf. Vervolgens gaan dit na die apostels. Die apostels dra dit later die wêreld in. Die vroue is die mans ver vooruit. Hulle glo, al is dit met skrik en bewing, terwyl die mans nog ongelowig bly en twyfel.

Lukas gee in sy evangelie baie aandag aan vroue. Hy noem in sy eerste boek 13 vroue wat nie elders in die evangelies voorkom nie. So beskryf hy ook uitvoerig die optrede van vroue by die Paasgebeure. Die gebeure by die graf, waar vroue selfs in hulle droefheid aktief is, wys vir ons twee dinge: hulle geloof blyk uit hulle dade en uit hulle woorde.

Die gebeure by die graf wys ook hoe belangrik die taak van vroue in die kerk is. Hulle vorm 'n onmisbare skakel in die ketting van die heilsgeskiedenis.

Die susters in die kerk het vandag nog dieselfde opdrag. Hulle word geroep om in woord en daad getuies van die opgestane Here Jesus te wees. Soos die vroue by die Paasgebeure word hulle geroep om deur hulle optrede en getuienis te wys by Wie hulle hoort.

So het ook in die 21ste eeu die susters nog dieselfde roeping en opdrag.

L Floor

© by skrywer - 2010
www.christelikebiblioteek.co.za